

24 September

Skrifgedeelte: Josua 7: 1-13

Fokusgedeelte: Josua 7:10

Ons word opgewek om geheilig te word

Vir die Josua wat voor die ark lê, het die Here 'n boodskap: "Staan op, waarom tog lê jy op jou aangesig?" Die Heilige God duld niks wat onheilig is onder sy volk nie, al is dit maar net een man wat 'n bietjie van die bangoed gesteel het. Die volk moet absoluut heilig wees; daarom deug dit nie dat Josua bly lê nie. Agan moes met die banvloek getref word sodat die volk weer heilig voor God kon staan. Ons vind die Agansmisdad ook in ons eie lewens. Ons vergryp ons aan dit wat die Here verbied, elke dag van ons lewens. Ons behoort ook met die banvloek getref te word. Ons behoort ook vir ewig uit sy teenwoordigheid geban word – totdat ons Christus vind wat op sy gesig voor God is. By Hóm is daar nie moedeloosheid en waarom-vrae nie. Nee, die bloed tap Hom in sy angs af omdat Hy weet dat Hy God se banvloek moet dra. Hy bly ook nie lê nie, maar staan op om verban te word uit God se teenwoordigheid op Golgota. Hy staan op uit die dood. Ons Heiland bly nooit lê nie, Hy staan op. Daarom word ons as sy navolgers herskep om ook aan sy opstanding te deel. Lê jy dalk in jou beproewinge ook met die gesig teen die grond? Is jy moedeloos, en verstaan jy nie waarom, hoekom die Here jou wil vernietig nie? In Christus hoor ons God se stem: "Staan op, waarom lê jy tog. Jou straf is gedra. Jy is nie 'n Aganskind nie, heilig jou voor my aangesig."

So mag die heiligmaking vir my as gelowige nooit daarby eindig dat ek moedeloos bly lê voor God se aangesig nie. Dit moet voortgaan in die gelowige opstaan en uitroei van al die onheilighede in my lewe. My straf is gedra, my Heiland het opgestaan en daarom kan ek ook elke dag opstaan om die heiligmaking na te jaag.

Sing: Skrifberyming 33:1,3 Ds RA Bain (Potgietersrus-Wes)